SPESIALE UITGAWE

# Die Matie

TWEEWEEKLIKSE STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT

(UITGEGEE ONDER BESKERMING VAN DIE S.R.)

Uitgegee in Medewerking met die L. G. Boufonds-komitee

Deel VI, No. 3. VRYDAG, 28 MAART 1952 Gratis

# GROOT KERMIS MÔRE

## Studente Werk Saam in Grootse Poging vir Saal

**Môre-oggend, Saterdag, 29 Maart om halftien open sy edele dr. Karl Bremer, vise-kanselier van die Universiteit van Stellenbosch, in die Stadsaal, die kermis wat ter stywing van die Langenhoven-Gedenksaalfonds georganiseer is.**

**Hierdie is 'n unieke gebeurtenis binne die studentesamelewing: 'n byna uitsluitlik eie poging van die studente self en sover bekend die eerste keer dat die studente as een groot groep op dié wyse saamwerk vir hierdie saak. Dit is een van die onderneminge van die Langenhoven-Gedenksaalkomitee van die Studenteraad om vanjaar die bestaande £11,000 van die fonds met so 'n groots moontlike stoot nader aan die beoogde bedrag te bring.**

Almal werk vir 'n saak wat in elkeen se belang is — dit was die gedagte wat aanleiding gegee het tot die organiseer van die kermis. Dit sou wel 'n poging van die damestudente in die eerste instansie wees om 'n bydrae te lewer in die poging tot volvoering van die so lank gekoesterde ideaal. Spoedig het hulle egter besef dat sonder die hulp van die manlike geslag die saak verlore is. Hulp is ontvang en die aanvoorwerk het begin.

### DIE DAMES SE WERK

Die groot werk van die dames is in en deur die verskillende koshuise gedoen. In 'n gees van kompetisie is 'n poging om iets groots te bereik, volgens die tradisie van elke betrokke koshuis, aangewend. Wanneer ore gespits is en so terloops dieper ingevra is in ander se huishoudelike aangeleenthede was agterdog nie heeltemal begrawe nie en in latere heftige besprekings aan tafel kon fluisteringe van: „Ek sê vir jou Huis-X doen verskriklik baie," ensovoorts, telkens gehoor word.

### Huis-de-Villiers

Tenspyte van die feit dat Huis-de-Villiers te kenne wou gee dat hulle nie tyd het om 'n steek te werk voor hulle huisfondsfunksie nie, en dus maar nie te veel sal verwag van hulle tafel nie word daar nou gepraat van 'n tweede groot funksie in die geskiedenis van Huis-Div binne agt dae. En as die eerste net 'n voorsmakie was van die tweede, wie sal dit nie wil beproef nie!

**Behalwe die uitnodiging aan almal om hulle oorspronklikheid en sin vir vorm en lyn te kom aanskou, bied dié dames ook aan om die Stellenbosse (veral koshuis-) studente te genees van 'n al te welbekende kwaal: die gevreesde hongersiekte.**

### Huis-ten-Bosch

Toe die Huis-ten-Boschers hoor dat hulle die enigste koshuis was wat reeds teen die einde van verlede jaar gehoor gegee het aan 'n oproep om rommel in te samel, was hulle reeds geïnspireerd en vasberade om die geesdrif tot die einde vol te hou.

Planne het gedurende die vakansie begin vorm aanneem en sommer met die verwelkomingsbedrywighede al is vertel van die groot taak wat voorlê.

Met die ontvangs van wol en materiaal van die Sentrale Komitee om te verwerk, is die bal aan die rol gesit. Elkeen het haar bes probeer om oorspronklik te wees en iets te maak wat nie sommer om elke hoek en draai gesien kon word nie. Elkeen het haar bydrae ingelewer 'n week voor die Kermis, kant en klaar om reg te staan in die voorbereiding van die versnaperings.

Hier moes die Huishoudkundiges net moue oprol en saamroep dat dit naar was. Elke dame het 'n geleentheid gekry om te toon wat uit meel, suiker, eiers en botter gemaak kan word — onder bekwame leiding natuurlik.

Die kunsliefhebbers moes vir 'n trekpleister sorg, en miskien kry Huis-de-Villiers nog iets te leer van lyn en vorm! Praat van „almal werk — vir elkeen iets!" Hier is die uitlewing daarvan: van huisvrou met 'n skreebekkie aan die voorskootband, tot die gesofistikeerde damestudent sal iets op die handwerktafel vind wat onweerstaanbaar is.

### Sonop

Sonop is, soos altyd, besig om hulle by die kern van die saak te bepaal — want hoe sal ons skei tussen murg en been of tussen Langenhoven en „Herrie op die ou Tremspoor"?

By hulle naaldwerktafel is daar net die regte ding vir Ouma . . . en nog 'n beter een vir baba; so ook vir mense in al die opeenvolgende ontwikkelingstadiums, speelgoed, klere, gordels, en selfs modieuse hoedjies.

Beskuit, lekkers en talle mondwatertjies is te kry in die vierkant van Herrie se massiewe staanplek.

**En kan die skikkeljaar dan vergete bly? Nie by Sonop nie; daarvoor is spesiaal 'n aantal posdames aangestel as boodskappers van die poskantoor.**

### Harmonie

In Harmonie word gepraat van baie hande ligte werk: sottekapteins en onderkapteins, junior- en seniorleidsters, elkeen aan die hoof van 'n groep jaargenote; en daar is die resultaat: almal werk, iets vir elkeen!

In hierdie Verrassingsmandjie is 'n gelukskoot vir elkeen wat die Harmonie-handelsmerk ken en kan waardeer. Aandsakkies vir dames, nekdoeke vir mans se dames en toffie-appels vir die mans — vir albei saam 'n geurige hoenderpasteitjie. Harmonie is sy naam waardig in die voorbereiding van hulle tafel.

### Monica

Toe die Monicaners besef dat hulle nie genoeg huishoudkundiges het om die eetlas op af te skuif nie, het hulle daar en dan besluit om die hele Stellenbosch te toon dat dit elke vrou betaam om haar voor te berei om eendag die weg na haar man se hart te vind. Sakke suiker en meel, koppe oor lywige kookboeke gebuig en vlytige hande was nie 'n seldsame verskynsel nie. Eendrag maak mag, en die mag van die Monicaanse eendrag sal ons môre ondervind.

### Crozierhuis

Daar is nog meer mense wat in die leuse van ou Transvaal glo: in Crozierhuis is in die verre verlede gevra: „Waarvoor is dit?" Maar die altydwederkerende antwoord: „Vir die kermis natuurlik!" het gou vraende monde gesluit en ledige hande gevul. Ook hier sal ons nou kan beproef watter groot verskil daar bestaan tussen grootmaatbakkery en indiwiduele aandag.

### Macdonaldhuis

By Macdonaldhuis is 'n wye verskeidenheid van eetware en handwerk te vinde, en al is Greylock doodstil, sal mens nog moet sien wat onder die stille waters aangaan.

Die P.S.O.-dames is verantwoordelik vir die poedingtafel en die rommelverkoping.

### MANS KOLLEKTEER

Elkeen van die verskillende manskoshuise en P.S.O. is verantwoordelik vir 'n sekere wyk in die dorp om dit deeglik deur te kollekteer. Volgens wat Flip Heyns, die kollektekommandant berig, het die meeste koshuise by die ter perse gaan reeds hul lyste ingelewer, nl. P.S.O. — £70; Dagbreek — £9; Huis-Marais — £10 en Helderberg — £12.

**Hierdie is egter nie die finale bedrae nie. Verder moet ook in ag geneem word dat die verskillende dorpsgebiede nie almal ewe vrugbare kollekteergebiede is nie. So het een arme Wilgenhoffer sy bene afgestap in Dorpstraat om 16/9 bymekaar te kry terwyl iemand anders by ses huise £17 gekollekteer het!**

In die distrik het Buurman Liebenberg £60; Rudi Andrag £50; Jordaan £47 en Albertus Viljoen £5 tot dusver ingesamel. Twee ander wyke is nog maar net aangevoor. Honde, Engelse- en boere-ooms se hardnekkige volharding om te sê dat hulle nog nooit van die Langenhoven-man gehoor het nie en nie nou 'n los sikspens vir hulle het nie, is almal maar lastige faktore om mee rekening te hou by die kollekteerdery!

### Kaapstad

Behalwe hierdie werk in en rondom Stellenbosch, is sakeonderneminge in die omliggende streke genader, veral met die oog op 'n bydrae van goedere wat dan op die kermis as 'n advertensie vir hulle verkoop sal word.


In die Montagu-area het Danie Malan ongeveer £60 ingesamel; in Worcester het Wallie de Vos omtrent £30 gekry terwyl Johan Lutz en sy tolk, Rian Pauw een-en-'n-halwe vrag van Edgar Turner se Austin-bakkie-vol in die Paarl gaan haal het!

In die gebied Kaapstad is daar baie pogings aangewend waarvan die suksesvolste tot dusver seker die van die noordelike voorstede se groep, onder die leiding van Kalp Loots was.

Aangesien die tyd so beperk was, moes soveel moontlik in die kortste tyd gedoen word. Nadat 'n alfabetiese lys van die verskillende fabrieke en besighede in die stad geraadpleeg is, het die eintlike werk begin.

Elke middag tussen 2-uur en 5-uur het 'n groepie ywerige kollektante die verskillende voorstede binnegeval. Opvallend was dit dat baie van die gevestigde besighede nie bydraes wou lewer nie terwyl kleineres wat maklik oor die hoof gesien word, se bydraes werklik lofwaardig was. Die werk kon meer afgerond gewees het, maar die tyd was kort en die veld moes gou en vinnig gedek word.

(Vervolg op bladsy 2, kolom 1)



MNR. GUSTAV BAM
Voorsitter van die Langenhoven-Gedenksaalboufondskomitee

## Korreksie

**In Die Matie van 21 Maart is berig dat 'n voorstel op 'n S.R.-vergadering van mnr. Gustav Bam dat die Universiteitsowerhede versoek word om geen klasse op Maandag 31 Maart te sluit nie, by gebrek aan 'n sekondant deurgeval het.**

**Hierdie berig was onjuis. Die vraag of baie studente nie huis toe sou gaan in plaas van die feestelikhede by te woon nie, is slegs bespreek en geen voorstel in dié verband is gedoen nie.**

## ALLE SUKSES!

### —S.R.-Voorsitter

*Reeds twintig jaar lank is ons studente besig om fondse in te samel vir die Langenhoven-Gedenksaal. Waar daar in die verlede egter slegs sporadiese pogings van die enkeling was wat sy kragte ingespan het om te voorsien in die groot behoefte van ons studentegemeenskap het die tyd van „almal saam" nou aangebreek. Die kermis sal nou die eerste geleentheid wees wat aan ons gebied word om so 'n grootse saak as studentegemeenskap te ondersteun. Daar is 'n beroep gedoen op elkeen van ons, u en ek, om ons deel te doen en by te dra.*

*Laat 1952, die jaar van die grootste volksfees wat ons land nog geken het, ook op Stellenbosch sy weerklank vind in die vorm van 'n eenheidsoptrede in 'n gemeenskaplike doel. Laat dit 'n demonstrasie wees aan alle oud-studente en belangstellendes dat op Stellenbosch ons nie net vra nie maar ook gewillig is om almal saam te werk waar daar gemeenskapsbelange op die spel is. Deur die kermis te ondersteun dra elkeen van ons by tot die oprigting van 'n volksmonument vir die nageslag.*

*Namens die Studenteraad wil ek die Langenhoven-Gedenksaalkomitee alle sukses toewens in hul poging. Mag die Studente-unie met dieselfde mate van vuur en entoesiasme besiel wees as dié waarmee hulle die taak tot dusver deurgevoer het. Mag die kermis 'n reuse-sukses wees!*

TJOKS DE VOS.

# Die Matie

## REDAKSIE

**REDAKTEUR:** CON BOTHA (Huis-Visser).

**SUBREDAKTEURS:**

**NUUS:** ALBERT CRAFFORD (Wilgenhof); ALBERT OCKERSE (Huis-Marais).

**KUNS:** WILLEM BOTHA (Wilgenhof).

**SPORT:** HERKLAAS VILJOEN (Helderberg); MIETSIE MARAIS (P.S.O.); GRAAFF OOSTHUIZEN (Dagbreek).

**ADMINISTRASIE:**

**Finansies:** J. J. HEYNS (Dagbreek).

**Advertensies:** TINY KRIGE (Dorpstraat 126).

**Sirkulasie:** CHRISTO BOTHA (Wilgenhof).

**SPOTPRENTE:** SCHALK WALTERS (Huis-Marais).

VRYDAG, 28 MAART 1952


# ELKEEN IS NODIG

Soos ons lesers waarskynlik al agtergekom het, word hierdie uitgawe van Die Matie spesiaal aan die Langenhoven-Gedenksaalfonds, en meer spesifiek aan die eerste groot funksie ten behoewe daarvan gewy.

Hoewel die reëlings in verband met die kermis môre-oggend in die Stadsaal teen hierdie tyd waarskynlik al taamlik algemeen bekend is, het die Redaksie dit goedgedink om die jongste stappe in die rigting van die verwesenliking van hierdie groot gemeenskaplike ideaal in 'n klein spesiale uitgawe saam te stel.

Die Gedenksaal-ideaal is in meer as een opsig enig in ons studentegeskiedenis.

Die feit dat hierdie idee sy oorsprong by studente van ons universiteit gehad het, is 'n kennelike voorbeeld van ons studente-inisiatief, ondernemingsgees en vooruitstewendheid. Daarbenewens toon die naam van die beoogde saal nie alleen opregte waardering vir 'n groot volksman nie, maar ook dankbare erkentlikheid jeens 'n troue vriend van Stellenbosch.

Maar meer nog. Waar studente-ondernemings deur die betreklike korte duur van die studentelewe so dikwels tot 'n kortstondige bestaan gedoem is, weerspieël 'n studente-ideaal wat na twintig jaar steeds meer en meer geesdrif gaande maak, 'n deursettingsvermoë wat uniek is in ons studentegeskiedenis.

En noudat alles in die haak gebring is vir die verwesenliking van hierdie ideaal, het die tyd vir ons gesamentlike optrede aangebreek. Noudat die aanvoorwerk agter die rug is, het dit tyd geword dat elkeen wat homself Matie noem, sy uiterste in die werk stel.

Môre se kermis sal die eerste — en waarskynlik die beslissende — toets vir ons wees. Môre moet ons ondubbelsinnig antwoord op die vraag of hierdie saak vir die studentegemeenskap as geheel ons erns is.

Die Langenhoven-Gedenksaal sal hier verrys as simbool van studente-potensialiteite. Veel meer, dit sal die simbool wees van Matie-inisiatief, -eendrag en -deursettingsvermoë. Laat ons hierdie poging ondersteun met alles waaroor ons beskik!

# Studente Werk Saam

*(Vervolg van bladsy 1, kolom 5)*

### *Sake-ondernemings*

Omdat die plaaslike sakemanne verlede jaar ± £300 bygedra het tot hierdie fonds wou hulle nie sommer weer met 'n lys bygedam word nie. Hulle is toe op 'n ander wyse genader, naamlik, met 'n versoek om 'n stalletjie teen £6/10/- te huur en die besigheid so te adverteer.

Agt plaaslike besighede doen mee aan hierdie uitstalling in die Banketsaal en op die verhoog van die stadsaal stal Rembrandt sigarette uit.

In die „biergang" van die Stadsaal is Dagbreek Saterdagoggend koning. Maar dis glad nie die plan om u daar te lawe nie, inteendeel, met speletjies en kompetisies wil hy u daar flou maak.

**Op die grasperk voor die Banketsaal is daar die plek van lafenis — die kafee. Daar sal koffie, tee en koek en so meer bedien word en musiek gespeel word.**

### *Rommelverkoping*

Ook die kleurlinge sal help om hierdie onderneming 'n sukses te maak. Op die Braak vind daar die rommelverkoping van ou klere wat by die publiek en studente gekollekteer is, plaas.

# DIE LANGENHOVEN-GEDENKSAAL

**Daar was 'n tyd — en dit is nie so erg lank gelede nie — toe die studente op Stellenbosch 500 getel het. Monstervergaderings is in die onderste saal van die ou Hoofgebou (tans die tekensaal van die Geografie-departement) gehou. Studentesake kon toe maklik onder die aandag van vrywel alle studente gebring word.**

Die getal het egter ondertussen vinnig aangegroei, sodat studente meer verspreid moes woon. Maar ook is akademiese geboue en sportgeriewe meer en meer versprei, sodat daar 'n groter desentralisasie in die studentelewe gekom het. Daarby is nuwe fakulteite met 'n verskeidenheid van nuwe departemente gestig.

Die studentelewe is vandag sodanig gedesentraliseer dat dit moeilik gaan om studentesake behoorlik te bespreek en dat daar talle van studente is wat eenvoudig nooit met mekaar in aanraking kom nie. Die studentelewe het só versnipperd geraak dat dit swaar gaan om die ware studentemening te wete te kom.

### GEESDRIF

Dit is 'n verblydende feit dat die studente self die eerstes was om hierdie gebrek raak te sien, en dat hulle ook reeds verskeie jare gelede aan die werk gespring het om dit aan te suiwer. Die idee van 'n Langenhoven-Gedenksaal is gebore — 'n saal wat 'n natuurlike middelpunt van die studentelewe sou vorm en waar allerhande studentebelange mekaar sou ontmoet.

**Fondse is ingesamel en na verloop van tyd kon 'n bedrag van ongeveer £10,000 aan die Universiteitsraad, die hoogste liggaam in verband met die finansiële sake van die Universiteit, oorbetaal word.**

Weliswaar is hierdie bedrag waarskynlik nog maar ongeveer een-agste van die totale som wat uiteindelik nodig sal wees, maar — en laat dit dadelik met nadruk hier gesê word — die Raad het die geesdrif en die mooi gebaar van die studente ten seerste gewaardeer, en ook onverwyld besluit om hulle soveel moontlik by te staan.

Op hierdie wyse het ons dan gekry wat beskou kan word as werklik die belangrikste en treffendste voorbeeld van samewerking tussen studente en Universiteitsowerheid, wat ons nog aan die Universiteit gehad het.

Die Raad het dit nie net by morele ondersteuning laat bly nie; inteendeel, hy het daadwerklik opgetree en in korte tyd reeds betekenisvolle bydraes van verskillende aard gelewer.

### WAAR?

**Een vraag waaroor daar duidelikheid verkry moes word, was: waar moet die Langenhoven-Gedenksaal gebou word?**

Toe die Studenteraad 'n versoek dienaangaande tot die Raad gerig het, het die Raad dadelik verskeie terreine oorweeg.

Ons weet wat die resultaat was: die Raad het 'n terrein aan Victoriastraat, tussen Wilgenhof, Soete-Inval en Monica, vir die Langenhoven-Gedenksaal beskikbaar gestel. Dit is uitstekend geleë, baie naby die meeste Universiteitsgeboue, in die hartjie van Stellenbosch. Dink maar net wat dit sou gekos het om so 'n perseel vandag in die duurste deel van Stellenbosch aan te koop.

'n Ander belangrike kwessie in verband waarmee die Raad hulp verleen het, is die gebruik van die Langenhoven-Gedenksaal.

Ons wéet almal dat daar, grotendeels ten gevolge van misverstand, in een stadium heelwat verskil van mening hieroor was — waaraan ons

**Deur PROF. DR. H. B. THOM (Sameroeper van die Langenhoven - Gedenksaalkomitee van die Universiteitsraad)**

egter vandag gelukkig met 'n glimlag kan terugdink! 'n Adhoc komitee van die Raad, waarin studente, Senaat en Raad verteenwoordig was, het ná verskeie vergaderings die oplossing gevind.

### GEBRUIK

Hiervolgens sal die Langenhoven-Gedenksaal 'n gemeenskapsentrum vir die studentegemeenskap wees: daar sal voorsiening gemaak word vir 'n kafee; vir komitee- en leeskamers vir vergaderings en gesellige verkeer; vir kantore vir die Studenteraad; vir 'n lokaal waar dosente mekaar kan ontmoet; en vir — wat die vernaamste van alles is — 'n groot saal met langsaam stygende vloer en ongeveer 1,500 sitplekke, waar groot byeenkomste van die studente en die Universiteit as geheel kan plaasvind.

**Hierdie saal moet ook van 'n groot orrel voorsien wees, daar moet 'n ruime verhoog wees, en besondere aandag moet aan die akoestiek gewy word, sodat dit vir musiek- en ander uitvoerings van die hoogste gehalte, as een van die beste sale in die land bekend sal staan.**

Bo en behalwe dit alles het die Raad ook gehoor gegee aan 'n versoek van die Studenteraad om die hele plan nog verder in die rigting van 'n gemeenskapsentrum te ontwikkel deur bv. die wenslikheid te oorweeg om ook 'n tweede, kleinere saal met gelyke vloer in die groot kompleks in te lyf.

### TOEKOMS

En nou: Wat van die toekoms? Ons kan meedeel dat die Universiteitsraad geen gras onder sy voete laat groei nie. Hy het reeds 'n komitee benoem, waarin ook die voorsitter van die studente se Gedenksaalkomitee en die voorsitter van die Studenteraad dien, en hierdie komitee sal die saak nou verder voer.

Ons is hier met 'n groot saak besig, en een van die allermooiste aspekte daarvan is nog dat dit om die naam van Langenhoven tot werklikheid moet groei.

Langenhoven wat in sy tyd deur 'n gesaghebbende as „die grootste skrywer van die Dietse stam" getipeer is, was 'n groot gunsteling op Stellenbosch, en hy het op sy beurt die studente van Stellenbosch innig lief gehad.

Hy het soms graag met die baie „geleerde doktors" die draak gesteek. Eenkeer het hy vertel:



PROF. H. B. THOM

„Ek roep in Adderleystraat agter 'n vriend van my aan: ‚Dag Doktor,' en toe kyk die helfte van die mense om!"

Langenhoven het daarna 'n ere-doktorsgraad op Stellenbosch ontvang, en toe skrywer hiervan hom in Van Riebeeckstraat begroet met: „Goeiemôre **Doktor!"** antwoord hy knorrig: **„Doktor,** ja, **doktor!** — Maar net **doktor** van Stellenbosch, hoor!"

**Laat ons môre almal hartlik aan die kermis saamwerk; laat ons klein, onbeduidende dingetjies opsy skuif; laat ons, almal saam, skouer aan die wiel sit om die wa die opdraand uit te stoot!**

DIE MATIE word gedruk deur Pro Ecclesia Drukkery, Stellenbosch, vir die Studente Verteenwoordigende Raad, Stellenbosch.


APTEKERS

*Probeer Ons*
*Vir Afdrukke*
*En Vergrotings*
*Van U Negatiewe*

**JOERNING EN SEUN**
(EIENS.) BPK.
FOON 24
H/v BIRD- en PLEINSTR.,
STELLENBOSCH